# DIE VERGISSING OOR HEMELVAART RAAK DIE HART VAN DIE EVANGELIE

**Matt 28:16-20; Hand 1:7-11; Open 1:12-20.**

## 1. DIE VERGISSING

Daar is baie mense wat dink dat Jesus na sy hemelvaart nie meer by ons is nie. Eintlik kan ons hulle ook nie kwalik neem nie! Die woord *“hemelvaart”* klink mos na weggaan! Boonop kan ‘n mens Hom ook nie meer soos die dissipels van destyds met jou fisiese *oë sien* nie. Dit versterk die gedagte dat Hy weg is.
‘n Tyd terug het selfs die *biskop van Edinburgh* vir sy lidmate gesê dat ons moet aanvaar dat ons op ons eie is. Dit help nie regtig om op te kyk en te wag vir iemand om ons te kom help nie.

## 2. ANDER GETUIENISSE

Maar wat maak ons dan met tekste soos in **Matt 28** waar Jesus belowe: *“Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”* (:20) Vroeër in dieselfde evangelie lees ons dat Hy gesê het *”waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.”* (18:20) Ons hoor dieselfde boodskap in **Open 1**. As Johannes ‘n stem agter hom hoor praat en hy omdraai om te sien wie dit is wat met hom praat, skryf hy: *“Toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien en tussen die lampe iemand soos die Seun van die mens”* (:12, 13). In die verduideliking hoor ons later dat die staanlampe die gemeentes is en dat dit Christus is wat tussen die gemeentes rondbeweeg met die leiers daarvan in Sy hand (:20).

## 3. MOONTLIKE REDES

Hoe moet ons hierdie **skynbare teenstrydighede** met mekaar versoen – Jesus se hemelvaart aan die eenkant met sy teenwoordigheid by ons aan die anderkant?
Miskien het dit met ons verstaan van die woord ***“hemel”*** te make. Wanneer daar *van hemel* gepraat word, dink ons gewoonlik aan die **uitspansel bo ons**, as ‘n plek iewers **daar ver**, nie waar nie? Dit is die betekenis wat die woord meestal in die *omgangstaal* en soms ook in die *Bybel* het.
As daar gepraat word van Christus se hemelvaart, word “hemel” egter in ‘n ander betekenis van die woord gebruik, nl as aanduiding van die **woonplek van die onsienlike God**. Die bedoeling is dat Christus terug is na **die bestaanswyse** wat Hy vantevore saam met God gehad het, *voordat* Hy as mens gebore is en hier op aarde geleef het.
**Waar die hemel presies is, is nie maklik om te sê nie. Dit is onsigbaar vir ons, maar hoef nie ver weg te wees nie. Christus kan in die hemel wees en terselfdertyd baie nader aan ons as wat ons dink of besef**.
Ons moenie dink dat omdat ons Hom nie met ons fisiese oë kan sien nie, Hy nie *vir ons* kan sien of by ons teenwoordig is nie.

**Die Heidelbergse Kategismus** verduidelik dit in Sondag 18 soos volg: *"Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie."*

### 4. MANIERE WAAROP HY TEENWOORDIG IS

Jesus is wel teenwoordig by ons en is besig om te werk onder ons, maar Hy doen dit meestal **indirek** en maak van verskillende **middele** gebruik. Dit is belangrik dat ons Hom agter hierdie middele sal **raaksien**. Eerstens

a. **Kerk:** Die kerk het 'n baie belangrike plek in Christus se plan in die tyd tussen sy eerste en tweede koms. Waar Hy, soos wat die Kategismus ook sê, in hierdie tyd nie liggaamlik by ons teenwoordig is nie, word daar op verskeie plekke in die Nuwe Testament na die kerk as **die liggaam van Christus** verwys (1 Kor 12; Ef 2 en 4)! Daar waar twee of meer mense in sy Naam bymekaar kom, daar word ons nie net aan Hom *herinner* nie – daar *is Hy* by ons en daar kan ons Hom *ontmoet*.

b. **Sakramente:** Ons glo verder dat Hy op 'n besondere manier in die sakramente teenwoordig is en werk. Jesus het na die tekens van brood en wyn verwys en verklaar *"Dit is my liggaam".* Die nagmaal is veel meer as maar net 'n herinnering aan Jesus; dit is, soos wat die formulier dit ook stel, 'n viering van ons *gemeenskap* met Hom. Hy is self in die nagmaal by ons *teenwoordig.* Derdens:

c. **Woord:** Die Here Jesus gebruik die Bybel as 'n middel waardeur ons Hom kan ontmoet**.** As iemand die lewende Jesus Christus wil ontmoet, sê ons as Protestante, is die beste plek om Hom te gaan soek in die Woord, veral in die erediens van die gemeente waar die Woord gepreek word in die krag van die Gees.

d. **Mense:** Die Here gebruik vierdens ook mense wat Hy geroep het om Sy **woorde** aan ander oor te dra; of om deur hulle by ander **teenwoordig** te wees: predikante, ouderlinge en diakens. Maar dit is nie net leiers wat die rol kan speel nie. Enige kind van die Here kan dit doen. Die Here gebruik baie dikwels mense, ook gewone mense, om ander mense te help. Deur hulle woorde en optrede maak Hy homself as't ware *hoorbaar en sigbaar*. Ons sê miskien vir iemand "Jy's 'n engel!" en bedoel dan "Ek sien iets van Jesus in jou; Ek beleef iets van Sy teenwoordigheid in jou omgee."

e. **Ander/ Geen:** Die middele wat ons tot dusver genoem het, is die **gewone** maniere waarop die Here gekies het om by ons teenwoordig te wees en sy werk onder ons te doen: die kerk, sakramente, Bybel en Sy volgelinge. Ons

kan Hom egter nie daartoe beperk nie. God is vry en kan ook **ander** middele daarvoor gebruik. Hy kan ook **sonder** middele werk as Hy wil.

Maar, gemeente, dit is belangrik dat wanneer ons met die middele besig is, ons altyd **sal probeer om vir Christus *agter* en *in* dit raak te sien** – agter die Skrifgedeelte, agter die prediker (wie dit ookal mag wees), agter die brood en wyn. Ons moet altyd **dieper kyk en luister** – vir die stem en gesig van Jesus. Wanneer ek byvoorbeeld die Bybel lees, moet ek dit anders lees as ‘n gewone boek en die Here se stem daar agter hoor. Onthou dat die middele nie vir Jesus kom **vervang het nie**. Hy is nie weg en nou het Hy die Bybel en sakramente en die kerk of die predikant vir ons agter gelaat in sy plek nie. Ons moet nou maar solank aan die Bybel of die dominee vashou totdat Hy weer kom nie. Ons moet maar net solank getrou doen wat die kerk van ons vra nie. Nee, Christus is hier, maar omdat ons Hom nie fisies kan sien nie, gebruik Hy middele wat ons wel kan sien en hoor en selfs kan ruik en voel.

**5. HART VAN DIE EVANGELIE**

**Dit is ‘n groot jammerte** dat soveel Christene soos daardie biskop dink dat Jesus nie regtig by ons is nie. Ons is nie op ons eie soos die biskop beweer nie. Die belofte dat die Here by ons is en ons nooit sal verlaat nie, is trouens **die hart van die evangelie**.
In Matteus word gesê dat die Kindjie wat gebore sou word se naam **Immanuel** is, wat beteken: *God met ons*. Hy is dit nog steeds. Hy is dit ook nie net wanneer dit met ons **goed gaan** nie. Dit was al die boodskap van Jes 43 (riviere, vuur, water) en Ps 23 (donker dieptes). In Paulus se loflied aan die einde van **Rom 8** lees ons dat daar niks op aarde is wat met ons kan gebeur wat ons kan skei van Christus en sy liefde nie, *“Geen hoogte of diepte, of selfs die ergste dinge wat ons kan bedink, soos vervolging, honger, naaktheid, gevaar of swaard nie. Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar is in Christus Jesus ons Here nie.”*
As dit **nie regtig waar** is nie, het ons nie eintlik veel nie. As ons dit **prysgee**, bly daar nie veel van die evangelie oor nie.
Aan die anderkant, as dit **waar** is, soos Dawid in Ps 23 sê, het ‘n mens nie veel meer nodig in die lewe nie!
Amen.

7.08.11

Lees gerus: Waar is Jesus nou? Dr Coenie Burger (CUM 2011)